

BEROEPENUUS— 17 Feb. 2013

Beroepe ontvang
Beroepe aanvaar

**God se Woord onveranderlik - ook vir homoseksuele (prof. GJC Jordaan)-
vervolg van verlede week**

Tug is liefdesbeoefening

...Juis uit liefde moet die kerk dus ook homoseksuele lidmate met hulle sonde konfronteer. En as hulle, soos sondaars maar dikwels maak, weier om hulle sondes te bely en sonder berou op hulle pad volhard, mag die kerk nie stilsit nie. Stilsit en stilbly sou liefdeloos wees. Dan moet die pad van Matteus 18 met so 'n lidmaat gevolg word. As dit dan uiteindelik, na maande se liefdevolle volgehoue vermaning, blyk dat die lidmaat halsstarrig in die sonde bly volhard, moet dit tot afsnyding lei, tot 'n getuigenis vir ander. Maar dit geskied dan met groot droefheid en met voortgesette liefdevolle bemoeienis.

Waarheid in plaas van leuen

Alle pogings om Skrifuitsprake soos dié van Romeine 1 te omseil, eindig daarin dat die waarheid op die leuen ingeruil word. Juis hierteen word ons in dieselfde Romeine gewaarsku. Wie is hierdie mense wat so in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand? Dit is hulle wat "voorgee dat hulle wys is, maar dwaas geword het", skryf Paulus in vers 22. En in vers 25: "Hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en dien bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid." In plaas daarvan om bloot verdoemend homoseksuele mense te verwerp, is dit ons taak as kerk van die Here, om in liefde die waarheid van Gods Woord onvervals en onbevrees aan hulle te stel. Sulke mense is, net soos ons, in sonde ontvang en gebore. Sulke mense het, net soos ons elkeen, nodig om van hulle sonde bekeer te raak en hulle tot die enige ware God te wend. Sulke mense het net soos ons die verlossing en die vergewing van sondes wat Jesus Christus vir ons verwerf het, nodig. Sulke mense is, net soos ons elkeen, volkome afhanklik van die liefde en genade van God. Moet dan nie die waarheid van die Woord verswyg, afwater of verdraai nie. Gryp dit self aan en dra dit self uit met die volle moed van die geloofsoortuiging.
SLOT

KATEGISMUS- 450 jaar

Donderdag 14 Maart 2013 word ons uitgenooi na 'n gesprek oor die Kategismus wat DV sal plaasvind by die Gerf Kerk Oos-Moot. Dit begin om 16h00 en hulle beoog om 21:55 klaar te maak. Die program, al die tye, besonderhede en sprekers is op ons kennisgewingbord aangebring. Dit word sterk aanbeveel. Belangstellendes kan ook met ds. Petrus hieroor kontak.

Vandag- Ruben Venter 0844053309	19/02- Coenie van Jaarsveld 0829265423
18/02- Minette Vorster 0825511656	22/02- Pieter van Staden 0722045155
19/02- Marie Eloff 0820869651	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

*Baie geluk met
u verjaarsdag*

Doen wel aan die weeskinders van jou vyand. Miskien is dit jou skuld dat hulle nie die weeskinders van jou vriend is nie —CJ Langenhoven

Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Rheeder
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdag)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za

Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar 012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

17 Februarie 2013



EERSTE EREDIENS—(9h00)

(Nagmaal)

Skriflesing: Hebreërs 11:1; 12:1-3

Teks: Hebreërs 12:1-2

Sing: Ps. 45:1,15,16; Ps. 25:7;

Ps. 90:1,9; Ps. 23:3; Ps. 116...; Ps. 66:7,9

DIE OOG GEVESTIG OP JESUS

Wanneer ons vandag die Here se Woord in Hebreërs oopmaak moet ons kyk ná die Nagmaal niks anders wees as *die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en die Voleinder van die geloof...* Die Hebreërskrywer wil baie duidelik net die oog op Jesus vestig en op niemand anders nie.

Die oog gevestig op Jesus beteken om die *onsienlike te sien...* Daarmee het die Hebreër skrywer baie moeite gemaak om ons te laat verstaan dat wanneer jy die onsienlike wil sien daar 'n besondere benadering gevolg sal moet word. 'n Benadering wat alleen deur die ware geloof gevolg sal kan word. Kom ons deel met mekaar hoe die Hebreërskrywer dit vir ons na vore bring.

Hebreërs is eiesoortig en uniek in God se Woord. Een van die grootste temas in Hebreërs is praat en hoor. God praat en ek as mens moet my ore kan gebruik. 'n Belangrike tema vanuit Hebreërs is God wat praat. Dalk die belangrikste tema is hoe God met ons praat.

KATKISASIE— Geen katkisasie vandag

TWEDE EREDIENS—

(Nabetragting)

Skriflesing: Hebreërs 13

Teks: Hebreërs 13:12-13

Sing: Ps.54:2; Ps. 40:3,4; Ps. 50:1,7

**ONS MOET OOK BUIE DIE
LAER GAAN**

Ons moet uit ons gemaksones uitskuif. Maak moeite met die dinge van God. Gaan uit, buitekant, bedink sy swaar, sy lyding, ja ons lewens moet lewende offers aan God wees. *Rom 12:1.*

Daar is drie maniere hoe ons aan God deel kan kry deur in die smaad van Jesus te deel.

1. Ons moet 'n lewe van dankbaarheid leef.
2. Ek moet my nie vir Hom skaam nie. Ek moet sy Naam bely.
3. Saam met ons dankbaarheid moet ons lewens getuig van barmhartigheid. U en ek moet wil gee aan mense wat minderbevoorreg as ons is.

Predikant:

Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)

Vandag-Wyke 17 en 18

Ouderlinge: Frank Laubscher en Frikkie van Schalkwyk
Diakens: Adrianus Coertze en Willem du Plooy

Volgende Sondag- Wyke 19 en 20

Ouderlinge: Jan Fanoy en Marius Coertze
Diakens: Henry Foster

DRA MEKAAR SE LASTE EN DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Oud’le Andries en Jan du Plessis se moeder is Woensdag op hoë geseënde ouderdom oorlede. Ons dink aan hulle en families in hierdie tyd en bid hulle die troos van die Heilige Gees toe. **Br Piet van der Kooi** word aan die genadetroom van die Here opgedra. Ons vertrou dat die Here hom vanuit sy gesondheid terugslae sal sterk maak. **Sr Esmé Coetzee** wat onlangs ook ’n operasie moes ondergaan word volledige herstel toegebied. **Sr Petro Riphagen** word DV 5 Maart weer geopereer. Mag die operasie goed verloop en geseënd wees. **Ds. Andries Mulder** is ons gebed waar hy tuis is hy na behore kan herstel. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Sr Cora Kruger** is ons dankbaar dat sy na Harmoniehof kon terugkeer. Ons vertrou dat sy nog verder mag aansterk. **Br. Phil van der Merwe (Suidkus)** word aan die genadetroom van die Here opgedra. Hy kry die laaste tyd baie swaar met sy gesondheid. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons bid ook vir **dr. Johannes Bingle**, broer van **sr Margaretha Coetzee** wat geruime tyd weer in die hospitaal moet deurbring. Mag die Here hom vanuit sy terugslae weer krag en gesondheid skenk.

ALMANAKKE–

Ons jaar kalenders vir 2013 is gereed. Dit kan by die konsistorie afgehaal word of anders moet u u ouderling daarna vra.

SUSTERS-SAAMTREK 2013

Die saamtrek van ons susters vind DV op 9 Maart 2013 plaas. Hierdie jaar word dit deur die susters van die Gerf kerk Akasia aangebied. Die tema vir die saamtrek is— *Gelowige vrou altyd diensbaar waar God jou in sy Koninkryk wil gebruik.* Die spreker sal wees dr. Mariana van Loggerenberg. Fanie de Jager sal as gaskunstenaar optree. Koste is R100-00. Laat weet asb. so gou moontlik vir sr Christine wie die saamtrek wil bywoon. Sy sal vroeg in Februarie die getal moet deurgee.

WEBWERF / BAKKIESBLAD

– Al die jongste preke, gebeure en Krugertjies kan afgelaai word op ons webwerf of op ons facebook: Webblad is <http://bit.ly/XLiTiK>
Facebook is [on.fb.me/14sXfbM](https://www.facebook.com/14sXfbM)

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Emeritaat
2de diens	DVB	Instandhouding
24/02/2013 1ste diens	Paul Kruger kinderhuis	Ramings
2de diens	DVB	Instandhouding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
16/02	65+ Onthaal
17/02	Nagmaal
24/02	Radio Pretoria opname erediens en oordenkings
12/03	Finns -Advies verg.
14/03	Kerkraad verg.
20/03	Skole sluit

SUSTERS–**ETE NÁ NAGMAAL– 17 Feb. 2013**

Koue hoenderstukkies of frikkadelle of koue tong, aartappelslaai, wortelslaai, beet en broodjies. Almal is baie welkom. Soos ons reëlings verlede jaar was, gaan ons hiermee voort. Almal bring kos vir soveel soos hulle eie gesin en as dit moontlik is dan vir een/twee ekstra. Op so manier kan ons weer lekker saameet—en kuier....

PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vestig net u aandag op die SMS-nommer wat u kan skakel om aan die kinderhuis ’n bydrae te maak. Al wat u moet doen, is om die woord PKK te SMS na nommer 41092. Met elke SMS maak u ’n R25-00 bydrae.

**RADIO—PRETORIA OPNAMES
DAG-OPENING EN AANDGODSDIENS– EN
AFSLUITINGS**

Almal wat hiermee kan help word gevra om hulle name by oudl. Andries du Plessis ons skriba op te gee. DV volgende Sondag word die opnames gemaak. Die eerste erediens sal ook opgeneem word. Ná die tyd sal in die konsistorie die ander opnames gemaak word.

Daniël 11

In Totius se Versamelde werke is daar net een verwysing, na 11:2-4.

11:1 – Die engel wat die HERE se antwoord op Daniël se gebed bring (10:2-6) is steeds aan die woord.

Saam met die ander openbaringe aan Daniël, dien hierdie tot ’n heerlike versterking van die geloof dat God die geskiedenis volgens Sy Raad stuur. Die waarheid en vervulling hiervan in die geskiedenis, gee ons die volle vertroue dat die boek Openbaring vervul sal word.

Een kommentaar beduie met ingewikkelde redenasies waarom die oorspronklike teks eintlik nie *Darius* nie, maar *Cyrus* lees (Kores). Hierdie engel was dan deur God gestuur om saam met Migael die opkoms van Kores as koning te sterk. Die HERE gryp weer in die aardse gebeure in: Die beloftes van die Verbond moet hulle loop neem, want Israel moet terug na hulle land met die oog op Christus se koms. Daarvoor het God Kores verkies. Daniël se gebed (10:2) was in die derde jaar van Kores, toe hy ontsteld was oor die staak van die herbou van die tempel. Die engel verwys dus terug na enkele jare gelede.

Eers opsommend oor 11:2-4 – In ’n preek oor Openb 17 behandel Totius weer die dier van die openbaringe. Dit is die hele antichristelike wêreldmag, geopenbaar in die sewe koppe van Openb 13:3, wat wys op konings en hulle ryke. Dat die ryke “val”, toon hulle gewelddadige ondergang, soos Egipte val (Eseg 28 en 30). Dit is die eerste se val, wat dan gevolg is deur die val van Nineve (Nah 3:1-9), Babilon en die Persiese ryk (Dan 10:13 en 11:2) en dan die Griekse ryk (11:3,4). Die laaste wat dan nog sou val is die Romeinse ryk en eindelijk die antichristelike ryk en alle ryke wat daarheen lei.

Die nasies is werklik voor God soos dit in Jes 40:15 en 24 geteken word: “Kyk, die nasies is soos ’n druppel aan die emmer, en soos ’n stoffie aan die weegskaal word hulle gereken . . . skaars is hulle geplant, skaars is hulle gesaai, skaars wortel hulle stam in die grond, of hy blaas op hulle, sodat hulle verdor . . .”

In hierdie en ooreenkomstige profesieë word gesien hoe die HERE die nasies beweeg, en bv die Romeinse ryk laat ontwikkel om die wêreld ryp te maak vir Christus se koms. Dit is die “volheid van

die tyd” van Gal 4:4. Deur die verspreiding van die Griekse beskawing het Grieks die wêreldtaal geword waardeur die Evangelie feitlik oral verstaanbaar gebring kon word. Die Romeinse ryk het gesorg vir veilige roetes en geen grense wat die Evangelie gekeer het nie.

11:2 – Die Persiese vierde koning wat hier genoem word, is Xerxes (die Ahasveros van Esra en Ester). Die Hebreus het *inklusief* getel, dus Kores was die eerste van die vier wat hier genoem word, en hy sou deur nog drie Persiese konings opgevolg word. Xerxes het die opkomende Grieks-Macedoniese ryk sterk teenstand gebied.

11:3 – **Die “dan”** wys of ’n tydperk van 150 jaar van Kores af: Eers het Alexander die Grote Persië in geval in die tyd van Darius. Later het Xerxes twee invalle in Griekeland gedoen, waarna Alexander hulle oorwin het. Hy het Persië in die tyd van Darius III oorwin. 11:4 – Alexander se ryk is verdeel tussen vier van sy onderhoriges. **Verwoes:** letterlik beteken dit dat die Griekse ryk uitgeruk en uitmekaar geruk is.

11:5 – **koning van die Suide:** Waarskynlik was Ptolemeus I Lagi van Egipte hier bedoel. Hy was een van Alexander se generaals, tussen wie die Griekse ryk verdeel is. **Een van sy owerstes:** Hiermee verstaan uitleggers Seleuchus Nicator. Hy was ’n “satrap” in Babilon, maar is deur Antigonos verdryf. Hy het ’n aanvoerder geword onder Ptolemeus, wat aan hom manskappe gegee het om Babilon weer te verower. Daarna het hy verreweg die magtigste opvolger van Alexander geword. Hy het ’n groot deel van die Griekse ryk onder hom verenig. Net Egipte, Sirië, Macedonië en Griekeland self was nie onder sy mag nie.

Tussen al die touterkery tussen die nasies was Israel presies in die middel tussen Suide en Noorde en gedurig betrokke gemaak, as gevolg van hulle strategiese ligging.

11:6 – Bernice, die dogter van Ptolemeus Philadelphus van Egipte, is getroud met Antiochus II van die Noorde, wat sy vrou Laodike verlaat het vir haar. Na Philadelphus se dood het Antiochus vir Laodike teruggeneem, wat Bernice en haar seun vergiftig het. (Die Antiochusse en Herodusse se huweliks-ontrou en wreedheid het dus ’n lang pad deur die geskiedenis geloop.)

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS–

9 Feb. 1941– Dr. JD Kestell oorlede; 11 Feb. 1859– Stigting van die Gerf kerk Rustenburg as begin van die GKSA; 12 Feb. 1972– Dr. AD Keet oorlede; 16 Feb. 1838– Dr. A Pannevis gebore; 16 Feb. 1905– Verplasing van die Teol. Skool na Potchefstroom; 18 Feb. 1546– Maarten Luther oorlede; 19 Feb. 1896– Dinamiet-ontploffing in Johannesburg; 21 Feb. 1877– JD du Toit (Totius) gebore